

“Om ’n tamatie te kan vertrou”: plantpolitiek in Jeanne Goosen se *Vrydag*-rubrieke (1996-1999) en *Plante kan praat* (2010)

Erika Lemmer

Summary

The post-humanist intellectual rush to promote the interests of non-human communities has given rise to the establishment of critical plant studies, a new transdisciplinary field of study which has so far received little attention in South African literary criticism. Pollan (2002, 2013), Hall (2011), Chamovitz (2012), Marder (2013) and Mabey (2014) criticise the zoocentric favouring of human and nonhuman animals as subjects in the Western tradition and argue that this historic preference has resulted in the exclusion of plants as category for moral consideration. Matthew Hall's model of plant personhood and biospheric integrity, based on the inclusion of, and care and respect for plants as autonomous, complex life forms, is employed here to develop a terminology for revisiting selected texts by Jeanne Goosen. Hitherto unacknowledged newspaper columns (1996-1999) from the regional newspaper, *Vrydag*, as well as the short story, "Plante kan praat" (in the collection of short stories by the same name) will be considered in this ecocritical reading of said texts within the contours of contemporary plant studies.

Opsomming

Die post-humanistiese intellektuele drang om die belange van nie-menslike gemeenskappe te bevorder, het aanleiding gegee tot die vestiging van 'n betreklik nuwe transdissiplinêre studieterrrein wat nog weinig aandag in die Suid-Afrikaanse literatuurkritiek ontvang het, naamlik kritiese plantstudie. Kritici soos Pollan (2002, 2013), Hall (2011), Chamovitz (2012), Marder (2013) en Mabey (2014) wys op die historiese, soösentriese bevoorregting van menslike (en veel later) nie-menslike diere as subjekte in die Westerse tradisie met 'n gevolglike uitsluiting van plante as kategorie vir morele oorweging. Matthew Hall se konsep van plantpersoonskap en biosferiese integriteit, wat berus op die insluiting van, asook sorg en respek vir plante as outonome, komplekse lewensvorme word hier benut om 'n terminologie te ontwikkel waarmee die skryfwerk van Jeanne Goosen herbesoek kan word. Verborgte rubrieke (1996-1999) uit die streekskoerant *Vrydag* asook die kortverhaal "Plante kan praat" (2010) in die gelyknamige kortverhaalbundel dien as voorbeeldmateriaal vir hierdie ekokritiese ondersoek waar Goosen se tekste binne die kontoere van kontemporêre plantstudie oorweeg word.

Inleiding

Die veelbekroonde en veelsydige Suid-Afrikaanse skrywer, Jeanne Goosen, verklaar in 'n onderhoud met Steinmair (2004) dat sy graag 'n tuinier sou wou wees vir 'n “instansie wat die natuur belangrik ag. Met genoeg plek om pampoene te plant. 'n Boer. Ja, ja, ja, definitief 'n boer. En 'n vegter vir diereregte”. In 'n persoonlike mededeling aan Lemmer (2016b) vertel Goosen dat sy by geleentheid naby Hartbeespoortdam 'n kleinhoewe gehuur het waarop sy met tussen vyf- en seshonderd lemoen-, pomelo- en suurlemoenbome geboer het. Sy benadruk dat sy haar liefde vir tuinbou van albei ouers, maar veral van haar pa, Pieter Van der Walt Goosen geërf het, wat destyds rose en angeliere op Starke Ayres se blomskoue uitgestal het. Onder die veelseggende skuilnaam *Ivy Bosch* behartig sy ook in die negentigerjare 'n weeklikse tuinrubriek, “Tuinpret met Ivy Bosch” in die KwaZulu-Nataalse koerant *Vrydag*. Sy sê self het haar lewe lank tuine aangelê en hou by haar aftreewoning in Parklands steeds malvas in potte aan. Goosen verklaar dat daar vir haar “'n heiligheid rondom plante” bestaan (Lemmer 2016b).

Swanepoel (in Swanepoel & Cochrane 2016: 793) merk op dat Goosen benewens bibliotekaris, stoorkamerwerker, vertaler, visser, smous, afslaer, joernalis, skrywer (en radiografis – EL), ook *boer* was en dat 'n “tematiese neerslag van haar geskakeerde leefwyse in haar literêre werke dus begryplik (is)”. Cochrane (in Swanepoel & Cochrane 2016: 808) toon spesifiek die herhaaldelike verwysings na (pratende) plante en diere aan in sy bespreking van die kortverhaalbundel, *Plante kan praat* (2010). Die volgende bevestigende biografiese toeligting oor die skrywer word agter in dié vermelde bundel verskaf: “JEANNE GOOSEN verwyf die tyd met plante, diere, musiek, skryf en so aan.”

Die preokkupasie met plante blyk egter nie slegs uit Goosen se fiksie nie, maar veral ook uit drie weeklikse koerantrubrieke wat gelyklopend tussen 1996 en 1999 in die streekskoerant *Vrydag* gepubliseer is, naamlik *Vrysprak*, *Tuinpret met Ivy Bosch* en *Sit nader om die potjie*. Danksy 'n wenk van Marlize Hobbs-Russel oor die bestaan van hierdie rubrieke, is die materiaal uiteindelik by die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein opgespoor. Die spesifieke rubriekbydraes wat hieronder ter sprake kom is nooit gebundel nie, word nie vermeld in die Goosen-kritiek nie, en is dus daarom van besondere literêr-historiese waarde.

Die ontginning van verskillende persepsies oor plantsubjektiviteit asook die veelfasettige mens-plantverbintenisse in Goosen se uitgebreide oeuvre sal, om die bespreking binne perke te hou, oorwegend ondersoek word aan die hand van enkele geselekteerde niefiktiewe tekste uit die verborge *Vrydag-rubrieke* (1996-1999), maar die literêre vergestaltung daarvan in die emblematiese kortverhaal, “Plante kan praat” uit die gelyknamige kortverhaalbundel (2010), sal ook kortliks verbandhoudend betrek word. Hierdie ekokritiese verkenning

van plante in Goosen se skryfwerk sal deurgaans geskied binne die kontoere van kontemporêre plantstudie (“critical plant studies”), ’n transdissiplinêre benadering wat nog weinig aandag in die Suid-Afrikaanse literatuurkritiek ontvang het. Matthew Hall (2011: 162) se opvatting oor die ontologiese status van plante asook sy model van plantpersoonskap (“plant personhood”) soos uiteengesit in *Plants as Persons: A Philosophical Botany* (2011) sal – aangevul met uitsprake deur onder andere Pollan (2002, 2013), Chamovitz (2012), Marder (2013), Mancuso en Viola (2013) asook Mabey (2014) – as teoretiese rigtingwyser vir hierdie ondersoek dien. Verskeie gesprekke met Jeanne Goosen, Marlize Hobbs-Russel, Marianne de Jong en Hilda Grobler (oor *Vrydag*) het bygedra tot ’n beter begrip vir sekere aspekte van Goosen se werk (Lemmer 2016a-2016d). Die ondersteuning van Vanessa Bezemer Sellers (Humanities Institute, New York Botanical Garden) en Esther Jackson (Mertz Library, NYBG) verdien eweneens vermelding.

Plantpersepsies: inleidende opmerkings oor plantstudie

Die historiese marginalisering van plante in die Westerse tradisie ten koste van ’n toenemende akademiese belangstelling in diere (as subjekte met agentskap en intelligensie) word deur onder meer Pollan (in Mancuso & Viola 2013) gekritiseer. Hy argumenteer dat plante in hierdie betrokke tradisie (anders as in die Oosterse en animistiese tradisies) deur die eeue soos tweedeklasburgers (“second-class citizens”) behandel is. Mabey (2014: 6) bevestig dat plante hanteer word asof hulle die biologiese proletariaat is, “working solely for the benefit of our species, without granting them any *a priori* importance. [...] In the absence of respect and real curiosity, attentiveness falters”. Marder (2013) beaam dat plante deurlopend na die periferie van die periferie uitgeskuif is. Hallé (in Hall 2011: 5) verwys na die status van plante as “absolute otherness”. Pollan vind hierdie marginaliteit onbegryplik in die lig daarvan dat plante 99% van die biomassa op aarde verteenwoordig (in Mancuso & Viola 2013: xii). Hall (2011: 6) betreur eweneens dié historiese randposisie van plante, aangesien die meeste plekke op aarde waar lewe aangetref word, volgens hom juis plantskappe (“plantscapes”) is.

Leist (2013: i) wys op die kardinale belang van plante vir die mens: nie slegs as voedselbron en boumateriaal vir bewoningstrukture nie, maar ook vir hulle medisinale, kosmetiese en simboliese waarde. Hy beweer dat die fundamentele narratief van menslike vooruitgang juis geleë is in die ontwikkeling en diversifikasie van die menslike vermoë om plante te manipuleer. Hy toon landbou aan as die primêre bron van bioenergie, maar redeneer dat die weef van plante, die omvorming van bome tot bote asook die gebruik van plantgebaseerde middels om droomvisioene te ontketen, ’n deurslaggewende rol gespeel het in die opkoms van die moderne, geglobaliseerde mens. Ten

spyte van hierdie belangrike rol van plante, is daar volgens Leist (2013: 11) ’n beduidende “scarcity of plant-life in the cultural canon of the contemporary West.” Hall (2011: 3-4) bevestig ook die mens se afhanklikheid van plante, maar beklemtoon, soos Pollan en Leist, die antro- en soösentriese voorkeur vir menslike en nie-menslike diere as subjekte in die Westerse intellektuele tradisie. Nealon (2016: ii) verwys eweneens na die konsekwente “side-stepping [of] vegetable life within the theoretical discussion of life-forms”.

Marder (2013) skryf die verskynsel van soösentrisme (“zoocentrism”) toe aan ’n vorm van plantfobie (“plant phobia”), terwyl Mabey (2014: 4) aanvoer dat die mikrobiologiese werking van plante mettertyd net té ingewikkeld en kompleks geraak het vir die Westerse populêre verbeelding. Wandersee en Schussler (1999; 2001) gebruik in hierdie verband die term plantblindheid (“plant blindness”), wat dui op ’n totale onvermoë om te fokus op plante en gevolglik lei tot a) die hantering van plante as blote agtergrond; b) ’n negering van die kritieke belang wat plante vir mense inhou; en c) die misverstaan van verskillende tydskaal vir plant- en dieraktiwiteit:

Zoocentrism thus helps to maintain human notions of superiority over the plant kingdom in order that plants may be dominated. It is a crucial dualising force, responsible for depicting plants as inferior beings and as the natural base of a human-dominated hierarchy.

(Hall 2011: 6)

’n Westerse etiek van uitsluiting verklaar dus vir Hall (2011: 6-9) die tradisionele negering van plantteenwoordigheid en – beleving. Hy betoog dat die geringskatting van die planteryk, benewens die bovermelde strewe na hiërargie en uitsluiting, verder berus op die mens se verwydering van die natuur (soos deur Plumwood uiteengesit). In die ekofeministiese kritiek word die uitsluiting van ’n bepaalde kategorie gesien as die resultaat van hiërargiese konstruksies wat daartoe bydra dat sekere kategorieë (soos plante in hierdie geval) uitgesluit word van morele oorweging (Warren 1997).

Mancuso en Viola (2013: 155-156) vind weer die rede vir die marginalisering van plantsubjekte daarin dat eienskappe soos onbeweeglikheid en passiwiteit (“immobility”); asook gevoelsonvermoë of sintuigloosheid (“insentience”) instinktief met plante verbind is/word, terwyl ’n groterwordende korpus wetenskaplike navorsing presies op die teendeel dui:

In contrast to what we’ve thought for hundreds of years, [immobility and insentience – EL] are not innate properties of plants, but a simple *enduring cultural construct* that originated with Aristotle. [...] The most recent studies of the plant world have demonstrated that plants are sentient (and thus are endowed with senses), that they communicate (with each other and with animals), sleep, remember and can even manipulate other species. For all intents and purposes, they can be described as intelligent.

(Mancuso & Viola 2013: 155; my kursivering)

Die gewaande onbeweeglikheid van plante – ’n aanname wat alreeds deur Darwin weerlê is – asook die feit dat plante die vermoë het om te regeneer wanneer hulle afgesnoei of beskadig word, is vir Mancuso en Viola (2013: 155) verdere prominente faktore wat daartoe bygedra het dat die lewens van plante in die Westerse tradisie nie noodwendig met dieselfde intrinsieke waarde bejeën is as dié van menslike en niemenslike diere nie.

In die publikasie van Peter Tompkins en Christopher Bird, *The Secret Life of Plants* (1973), is plante destyds, strydig met die konvensies van die tradisionele plantkunde, op kontroversiële wyse uitgebeeld as voelende en belewende wesens. Die Afrikaanse vertaling, *Die geheime lewe van plante*, is in 1976 deur Tafelberg uitgegee. Onder die sprekende skuilnaam Ivy Bosch in *Tuinpret*, maar ook onder haar eie naam in *Vryspraak*, gee Goosen/Bosch te kenne dat sy vertrouwd is met hierdie publikasie wat sy ’n “verstommende boek” noem (Bosch 1997a: 6). In ’n persoonlike mededeling aan Lemmer (2016) beklemtoon Goosen dat dié betrokke teks ’n vormende rol gespeel het in haar eie denke oor plante.

Tompkins en Bird (1973, 1976) het destyds die heersende antroposentriese wêreldbeskouing waarvolgens plante as gevoellose outomate bestempel is, gekritiseer en volgehou dat hulle wél oor agentskap beskik: “Bewyse is nou aan die kant van die digter en die filosoof dat plante lewende, asemhalende, kommunikerende wesens is, elk met ’n eie persoonlikheid en siel. Dit is net ons, in ons blindheid, wat volhou dat hulle bloot outomate is” (1976: 6). Dié outeurs is indertyd deur wetenskaplikes soos Galston van pseudo-wetenskaplikheid beskuldig en die publikasie word steeds op die flapteks van die 2002-uitgawe geklassifiseer as *Occult/New Age*, met die implikasie dat die inligting daarin nie op enige wetenskaplikheid durf aanspraak maak nie (Chamovitz 2012: 6). Hierdie merker het egter nie verskyn op die vermelde 1976-Afrikaanse vertaling nie, waarvan die voorplat ’n Suid-Afrikaanse koningsprotea uitbeeld met ’n brein in die plek van die blomhoof. Die flapteks het dié vertaling soos volg bemark: “Feite, ontdekkings en wetenskaplike teorieë van die vroegste tye tot vandag word georden, en dit lei tot die ontstellende gedagte: die eenvoudigste groentesoort – die wortel wat ons skil, die ui wat ons opsny – besit oënskynlik gevoel, intelligensie en die geheimsinnige vermoë om met ander plante te kommunikeer – ook met die mens.” Pollan (2013) beskou die teks as “a beguiling mashup of legitimate plant science, quack experiments, and mystical nature worship that captured the public imagination at a time when New Age thinking was seeping into the mainstream”.

Chamovitz (2012: 6) meen in *What a Plant Knows* (2012) dat *The Secret Life of Plants* se populariteit (en selfs kultusstatus) tot ’n wetenskaplike uitval gelei het wat belangrike wetenskaplike navorsing oor plantgedrag bykans gestol het omdat enige verdere studies wat op soortgelyke parallele tussen plant- en dierbeleving gedui het, post-Tompkins & Bird met erge skeptisisme begroet is. In ’n artikel in *The New Yorker* getiteld “The Intelligent Plant”,

verskaf Pollan (2013) ’n boeiende uiteensetting oor die verloop van hierdie kontroversiële diskoers oor plantsubjektiviteit.

’n Baanbrekende populêre teks wat sedertdien ook daartoe bygedra het dat mens-plantverbintenisse in die openbare verbeelding met groter erns benader is, is *The Botany of Desire: A Plant’s Eye View of the World* (Pollan 2002). Michael Pollan karteer daarin die mensdom se verstrengeling met vier plantsoorte, naamlik die appel, tulp, daggaplant en aartappel en hy beskryf die menslike begeertes wat respektiewelik met dié vier gedomestifiseerde plante verband hou as soetheid (“sweetness”), skoonheid (“beauty”), afhanklikheid (“intoxification”) en beheer (“control”). Hy verwys voorts na die kritieke rol wat ’n dokumentêre televisiereeks soos David Attenborough se *The Private Life of Plants* (1995) gespeel het in die uitdaging van tradisionele persepsies rondom plantsubjektiviteit (Pollan 2002: 247).

Oor die afgelope dekade het daar in die geesteswetenskappe egter gaandeweg ’n opvallende klemverskuiwing van menslike en niemenslike diere na plante as subjekte begin plaasvind. Hall (2011: x) noem dié paradigmatverskuiwing ’n vegetale wending (“vegetal turn”) wanneer hy na plante verwys as “the new animals”. Pollan (2011: ix) beskryf hierdie wending in sy inleiding tot die primate navorsing, Jane Goodall, se nuutste publikasie, *Seeds of Hope* (2014) soos volg: “My first reaction upon learning that Jane Goodall was taking a break from animals to write a book about plants was that this was very good news indeed for the plants. Plants don’t get nearly as much ink or respect as the animals do ...”. Die navorsing van veral Michael Marder (2013) en Jeffrey Nealon (2016) speel ’n invloedryke rol in die institutionalisering van hierdie opkomende studierrein, wat bepaald nie aan kontroversie ontsnap nie. Marder word in sekere kringe as die Alan Sokal van die 21ste-eeu bestempel – na aanleiding van die bekende “Sokal hoax” waar Sokal opsetlik ’n misleidende artikel, deurspek met die parodiërende gebruik van teoretiese jargon, vir publikasie aan *Social Text* voorgelê het en in die proses die referente en redakteur ontmasker het (Cordle 1999).

Leist (2013) meen dat plantstudie (“critical plant studies”) met spesifieke verwysing na die letterkunde, institusionele erkenning gekry het met die aanstelling van ’n paneel oor plantstudie tydens die MLA-kongres van 2013; en daarna ook op ’n ASLE-kongres in 2015. Die benutting van die simboliese en metaforiese waarde van plante in die kunste en letterkunde (veral in genres soos die poësie) is tereg volgens Leist (2013: 14) geensins nuut nie en plante figureer byvoorbeeld veral sterk in oorsprongsmities en as troep in koloniale literatuur, maar die nuwe klem op die *ontologiese status* van die plant is wél ’n boeiende verwikkeling: “As Michael Marder observes, a plant turns out to be not only a *what*, but also a *who*” (Leist 2013: 14; my kursivering).

Redes vir dié vegetale wending kan onder meer toegeskryf word aan onlangse wetenskaplike navorsing deur McClintock, Trewavas en andere wat daarop dui dat plante komplekse gesofistikeerde wesens is wat in ’n koevolusionêre verhouding met die mens staan en vele kwaliteite en eienskappe

met mense deel (Pollan 2001; Hall 2011; Chamovitz 2012; Marder 2012, 2013; Goodall 2014; Mabey 2014). Marder (2012) beweer dat nuwe wetenskaplike ontdekkings die fundamentele aanname deur Tompkins en Bird steun: “But today, new, hard scientific data appears to be buttressing the book’s fundamental idea that plants are more complex organisms than previously thought.”

Plantfisici soos Mancuso en Viola (2013: 28-32) beweer dat plantselle op ’n mikrobiologiese vlak dieselfde basiese struktuur as dierselle vertoon, maar dat dit bykomend aangepas is om te kan fotosinteer en daarom selfs méér gesofistikeerd as dierselle is. Die betwiste nosie van plantintelligensie (of plantneurobiologie) word ook toenemend beredeneer deur plantkundiges soos onder meer Trewavas (2003) en Mancuso (2013).

Chamovitz (2012: 167-175) handhaaf die kritiek op ’n term soos “intelligensie”, wat hy as voorbeeld van antropomorfistiese taalgebruik beskou (synde die neiging om die niemenslike in menslike terme uit te druk). Hy stel voor dat “plantintelligensie” eerder vervang moet word met “plantbewustheid” ten einde plante se reaksie op hulle omringende wêreld te verduidelik. Indien die definisie van intelligensie egter geformuleer word as die vermoë om probleemoplossend te kan optree, is daar volgens Hall (2011), Mabey (2014), Mancuso en Viola (2013), Marder (2013) en Goodall (2014) afdoende wetenskaplike bewyse van sodanige “intelligente” plantgedrag. Chamovitz (2012: 173) verwys sêlf op antropomorfistiese wyse na plantsintuie en plantkwaliteite soos sig, reuk, gehoor, die tassintuig en geheue, maar argumenteer dat daar binne enige antropomorfistiese beskrywings van plantgevoeligheid of -gevoelsvermoë (“plant sensibility”) ook ’n voorwaarde moet bestaan dat sintuiglike ervarings vir plante en mense kwalitatief verskillend is. Pollan (2013) voer aan dat besware teen die gebruik van terme soos subjektiwiteit en intelligensie met betrekking tot plante besweer kan word deur die kwalifiserende invoeging van die prefiks *plantspesifiek/e-* (“plant-specific”) by elkeen van hierdie gekontesteerde terme.

Ten spyte van die bovermelde debatte rondom plantintelligensie en antropomorfisme, is daar egter wel ’n opmerklike en toenemende populêre bewuswording vir die wetenskaplike kompleksiteite van die planteryk wat aansluit by ’n intellektuele (post-humanistiese) dringendheid om die belange van niemenslike gemeenskappe te bevorder. ’n Verdere faktor wat bydra tot die herwaardering van plante is die besorgdheid oor klimaatsverandering en die gevolglike bedreiging van habitat en spesies wat kritieke globale afmetings aanneem. Volgens Hall (2011) sal ’n gepaste reaksie op die globale omgewingskrisis juis wees om ’n minder vernietigende, meer harmonieuse verhouding tussen mens en natuur te ontwikkel wat getuig van ’n biosferiese integriteit wat op insluiting, sorg en respek berus (2011: 1).

Hall meen dat Plumwood se voorgestelde herskikking, naamlik om menslike gemeenskappe te hersitueer in ekologiese terme en niemenslike gemeenskappe in etiese terme, beslag moet vind in ’n “separately theorized nature of

diversity, abundance, and individual (as well as collective) presence” (Hall 2011: 2). Hierdie voorgestelde proses toon reeds vordering in die transdissipline van dierestudie, maar akademiese navorsing wat die morele oorweging van plante bepleit, bly skaars. Kultureel-filosofiese idees beïnvloed volgens Hall (2011: 4) die menslike interaksie met plante beïndrukend en daarom behoort persepsies oor plante en plant-mensverbintenisse in verskillende tradisies en kulture bestudeer te word ten einde ’n meer etiese posisie ten opsigte van plante te onderhandel. In 2008 het die Federale Etiese Komitee vir Nie-menslike Biotegnologie, wat in 1998 in opdrag van die Switserse Parlement gestig is, ’n verslag gepubliseer getiteld *The Dignity of Living Beings with Regard to Plants: Moral Consideration of Plants For Their own Sake*. Die verslag is wyd gekritiseer en die feit dat die komitee se werksaamhede bekroon is met die parodiërende Ig Nobelprys dui op durende en diepgaande persepsieverskille ten opsigte van plantsubjektiviteit (www.science.howstuffworks.com).

Clark (2013: 5) voer aan dat die primêre doel van ekokritiek die daargestelling van ’n model is wat ons optrede teenoor die omgewing kan rig. Hall se model – wat put uit tradisies soos Boeddhisme, paganisme en inheemse animistiese tradisies waarin plante wél met voldoende sorg en respek hanteer word – berus op insluiting en heterargie eerder as hiërargie. Hy betrek konsepte soos verwantskap (“kinship”) en plantpersoonskap of persoonstatus vir plante (“plant personhood”) wanneer hy plante tipeer as nie-menslike persone (“other-than-human persons”):

[...] to place plants in the *ontological category of persons* is neither fanciful nor deluded. The *inclusion of plants in the relationship of care* is based upon close observation of plant life history and the recognition of shared attributes between all beings. [...] the recognition of plants as autonomous, perceptive, intelligent beings must filter into our dealing with the plant world. Maintaining purely instrumental relationships with plants no longer fits the evidence that we have of plant attributes, characteristics, and life.

(Hall 2011: 13; my kursivering)

Marder (2013) se filosofie van vegetale denke poog, ten spyte van die risiko van antropomorfistiese taalgebruik, deurentyd om die plant se perspektief te bevorder, maar sonder om die andersheid (“alterity”) van plante in die proses te probeer ontken. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar uiteenlopende persepsies oor die wesensleer van plante bestaan (nie net in verskillende kulture nie, maar ook binne dieselfde tradisie). Met benutting van die bostaande terminologie deur eietydse kommentators soos Mancuso en Viola (2013), Marder (2013), Mabey (2014) en veral Hall (2011) sal Jeanne Goosen se kreatiewe skryfwerk waarin plante op unieke wyses manifesteer, vervolgens oorweeg word: enersyds aan die hand van verteenwoordigende rubrieke uit *Vrydag* (1996-1999) en andersyds met verwysing na die emblematiese kortverhaal “Plante kan praat” (2010).

’n Seleksie uit die *Vrydag*-rubrieke (1996-1999)

Hierdie afdeling word gewy aan enkele Goosen-rubrieke uit *Vrydag* waarin die rubriekskrywer spesifiek op plant- en tuinboukundige onderwerpe fokus. Dié weeklikse Afrikaanse streekskoerant, onder redakteurskap van Hilda Grobler, huisves gedurende die bestaansperiode van (4 Augustus) 1995 tot 1999 drie rubrieke deur Goosen: *Vryspraaik* (’n rubriek onder haar eie naam waarin sake van algemene belang oorweeg word), *Tuinpret met Ivy Bosch* (’n tuinbourubriek onder die skuilnaam Ivy Bosch, wat praktiese wenke vir tuiniers bevat) en *Sit nader om die potjie* (’n kosrubriek met resepte, onder haar eie naam).

Die verskynsel dat joernalistieke bydraes soos rubrieke in *By (Beeld)* en *Tempo* deurgaans blote vermelding geniet wanneer ’n literêr-kritiese bespreking van Goosen se oeuvre voorhande is, hou waarskynlik verband met ’n tradisionele handhawing en bestending van dissipline- en genregrense. Die transdissiplinêre aard van die ekokritiek regverdig egter die bestudering van beide niefiksie en fiksie. Murphy (2000: 1) voer in sy taksonomie van omgewings- en natuurgerigte skryfwerk aan dat ekokritiese lesings *enige teks* (fiktief én niefiktief) kan bestryk waar daar ’n aanduiding is van die mens se verweefdheid met die omgewing. Arnold (1999: 1089-1090) en Heise (1999: 1096-1097) is eweneens van mening dat ’n wye verskeidenheid genres soos onder meer films, dokumentêre televisiereekse, dramas, poësie, essays, romans, kortverhale, dagboeke en koerantrubrieke as geldige studieobjekte binne ’n ekokritiese raamwerk kan dien. Stewart (in McNamee 1997: 14) bevestig dat “the writing of botanists, and entomologists, bee farmers and beef ranchers, explorers and novelists” in hierdie verband nadere beskouing verdien. Dié uitsprake deur onder meer Arnold (1999), Heise (1999) en Murphy (2000) dien gevolglik as motivering vir die ekokritiese oorweging van Goosen se vermelde koerantrubrieke met inagneming van insigte uit die kontemporêre plantstudie.

Hierbenewens word Goosen se veelsydigheid en status as *genre*-oorskrydende skrywer meermale deur verskeie kritici beklemtoon (Brink 1998: A2; Cochrane 2016; Lemmer 1995; Roodt 2002). Cochrane (2016) verwys byvoorbeeld na die gebundelde koerantrubrieke in *Straataf* as “sketse”, terwyl Roodt (2002) meen dat sommige van die rubrieke selfs as volwaardige “kortverhale” bestempel kan word. In die lig hiervan moet die leser van Goosen se koerantrubrieke deurlopend bedag wees op haar ondergrawing van konvensionele genre- en dissiplinegrense.

Hansen (s.j.) beweer dat die rubriekskrywer daarna moet streef om ’n subjektiewe benadering tot die wêreld voor te hou. Daar word in die rubriek dus ’n opinie uitgespreek wat nie noodwendig gedeel word deur die uitgewers of lesers nie en die rubriek moet volgens Hansen lesers inlig sowel as vermaak; die rubriekskrywer moet nie sy/haar persoonlikheid verskuil hou nie, maar juis die rubriek rondom hulle persona vorm. In hierdie opsig is die

enigmatiese en polemiese Goosen 'n besonder suksesvolle (en bekroonde) rubriekskrywer wat 'n populêre teikenmark bly boei met haar volgehoue volkse taalgebruik en pretensielose aanslag.

In 'n *Vrysprak*-rubriek, "Aardse lied besing wonder van misterie" (Goosen 1996a: 5) waarin sy die aarde as "ononderbroke gedig" beskryf, lewer Goosen skalks kommentaar op 'n "sogenaamde" wetenskaplike vooruitskouing dat ape oor 10 jaar sal kan praat, honde huishoudelike take sal kan verrig en dat vakansies op ander planete gehou sal kan word. Sy bepleit dat die aarde eerder gelaat moet word soos wat dit is en formuleer die volgende ekologiese manifes:

Jy plant 'n pampoempit – skaam, skaam kom 'n paar groen blare deur die bogrond. Dit is MAGIC. [...] Los 'n witskrif en 'n swartskrif en begin 'n groenskrif met grondreëls wat bepaal en eis dat daar nie aan alles gepeuter mag word nie, veral nie aan die wonder van die misterie nie, sodat *magic magic* kan bly en ons as nietiges dit so kan bly ervaar en ewig in verwondering kan wees oor diep geheimenisse en dat die digter verruk kan skryf oor die lied van die aarde.

(Goosen 1996a: 5)

In "Wees demokraties. Stem NEE vir tweegesig-appels" (Goosen 1996b: 6) betoog sy teen die genetiese manipulasie van groente ("Soort van 'n appel wat agt jaar lank eetbaar bly en 'n tamatie jarre en jarre en jarre.") Sy berig oor internasionale pogings om 'n verbod teen geneties-gemanipuleerde groente in te stel, maar meen dat die werkverskaffende aspekte daarvan moeilik deur regerings misgekyk sal word. Sy poneer dat gemanipuleerde groente en vrugte geneties bestand sal wees teen "plae en peste", maar opper ook die teenstandpunt van die sogenaamde "groen-mense". Goosen verwys meermale in rubrieke na hierdie "groen-mense" (wat sy in aanhalingstekens plaas), asof sy haarself, ten spyte van haar ekologies-verantwoordbare uitsprake nie wil laat etiketteer as sodanig nie. Dié groepering sou dan beweer dat insekte net so aanpasbaar soos mense is en dat sodanige manipulasie kan lei tot die evolusie van "groter en giftiger insekte" wat op hulle beurt weer superb Bestand kan raak teen insekwerende middels: "Nie alleen versteur dit die ekologie verder nie, maar daar is geen navorsing gedoen oor hoe hierdie gedokterde groente en vrugte die mens gaan benadeel nie en watter gevare dit vir sy/haar gesondheid inhou nie".

In 'n anti-instrumentalistiese betoog protesteer sy teen "dinge wat in die naam van navorsing deurgaans vir vooruitgang en kapitalistiese gewin". Goosen wys daarop dat daar alreeds gedehidreerde, gevriesde, geblikte en selfs bestraalde groente is wat daarop gemik is om die lewensduur van die produk te verleng. Sy verwys instemmend na die "groen-mense" se aandrang daarop dat inligting op verpakings moet verskyn om verbruikers in te lig oor die samestelling van produkte. Sy beroep haar ten slotte op 'n "negentiende-eeuse nostalgie" en 'n demokratiese reg om "nee" te sê wanneer sy sterk

standpunt inneem teen genetiese manipulasie en haar voorkeur vir plaaslike, vars en organiese produkte verklaar:

[...] die uwe wil nie hê ape moet praat nie, wil nie honde hê wat vloere polish nie, en ook nie ’n antieke appel van dertig jaar vir ontbyt eet nie. Nog minder ’n koolkop in die pot hê wat bestraal is. As dít vooruitgang is, wil dié vrou dit nie hê nie, bly sy eerder werkloos en vroetel in die groentetuin met vars goeters. En sal sy haar eie vis vang. [...] Ek sê NEE omdat dit belangrik is *om ’n tamatie te kan vertrou en ’n perske op gesigwaarde te kan aanvaar*. Ek háát tweegesigte.

(Goosen 1996b: 6; die artikkeltitel word aan die beklemtoonde gedeelte ontleen)

Die *Vryspraak*-rubriek “Ek sing van bome” (Goosen 1996c: 6) is eweseer toepaslik binne die konteks van Goosen se voorliefde vir plantverwante kwessies. Sy verwys na die afsterwe van die bekende Suid-Afrikaanse plantkundige, Kristo Pienaar, as “’n rou seer” en erken haar en talle ander tuiniers se skatpligtigheid aan Pienaar. Sy verwys waarderend na sy populêre radioprogram *Hoe verklaar u dit?* (destyds uitgesaai op Afrikaans Stereo), waar sy “onmisbaar baie” van hom geleer het. Sy getuig van Pienaar se “grenslose medemenslikheid” en toon aan dat sy by hom nie slegs van die planteryk geleer het nie, maar deur sy geesdrif “*dit wat leef leer respekteer en liefkry (het)*” (my kursivering). Sy noem dat haar eie pa ’n blomkweker van twee hibridiese rose was en dat hy, indien hy nog gelewe het, op een of ander stadium een van sy volgende skeppings na Pienaar sou wou vernoem: “nie om menslike verering nie, maar om waardering vir dit wat hy gedoen het om Suid-Afrika regstreeks en onregstreeks te verfraai”. Na dié kort huldeblyk aan Pienaar betrek sy die volgende inligting uit *New Scientist* (en spesifiseer die publikasie as “wetenskaplik”): “[...] dat wanneer jy met ’n boom in gesprek tree, jy met jou oë luister.” Sy sluit haar rubriek af met die volgende stelling: “So min as wat mens jou ’n lewe kan voorstel sonder musiek, kan jy jou ’n lewe sonder bome en plante voorstel” (Goosen 1996c: 6). In haar deurlopende erkenning van en toewyding aan plante wyk Goosen dus beduidend af van die sogenaamde plantblindheid en plantfobie waaroor kritici soos Wandersee en Schlusser asook Marder berig.

Die rubriek “Gebluste aartappels maak my wiewe pap” (Goosen 1996d: 5) is niks minder as ’n populistiese ode aan die aartappel nie en sluit in hierdie opsig sterk aan by ’n teks soos Pollan se *The Botany of Desire* (1992), waar die mens se verstrengeling met sekere plantspesies – onder meer ook die aartappel – aan bod kom. Die openingswoorde van die rubriek lui: “Kyk, ek is ’n aartappel-freak. ’n Dag sonder ’n aartappel of twee-drie is uiters ‘depressing’. Ek verkies aartappels bo kreef, krap of pap. Dit kan op enige soort manier gaargemaak of voorberei word: gebak, gebraai, gekook, maak nie saak nie” (Goosen 1996d: 5). Sy bekla vervolgens haar lot oor aartappels wat as Graad A verkoop word, maar dan blus, en vol moere en “navyblue kolle (is) wat

uitgesny moet word” – en in die proses sommer haar “Frans verbeter”. Sy verduidelik dat daar in Suid-Afrika (“Sonskynland”) slegs twee variëteite aartappels is, naamlik *Van der Plank* en *Van der Hoff*, en dat albei hierdie wit soorte, wat skynbaar die verbruikersvoorkeur is, geneig is om in ons klimaat te blus. Soos in die rubriek (“Wees demokraties. Stem NEE vir tweegesig-appels”) wat in die geheel gewy word aan geneties-gemanipuleerde groente, veroordeel sy weer die winsgedrewe, menslike manipulasie wat veroorsaak dat plante nie meer smaak of ruik soos die oorspronklike nie:

Al geproe hoe proe die goed wat hulle vir aarbeie verkoop? Water met ’n paar roospieken suikerpille ingemeng. Al geproe hoe smaak appels deesdae? Nee, die goed word mos groen gepluk en in koelkamers gebêre. Voedingskrag, vitamien bie-dêm. Wat daar was, het geoksideer. [...] Wanneer laas het ’n ou ’n angelier of roos geruik wat ’n reuk het? Ag nee wat. [...] As jy ’n aartappel-freak is, is dit beter om Holland toe te emmigreer (sic) waar jy op die straatmark tussen 11 verskillende soorte kan kies. Ek wil maar net ten slotte sê as daar iemand is wat vir my eendag ’n paar moere van regte aartappels kan laat kry wat ek in my jaart kan plant, sal ek daardie een lief hê tot die dood ons skei.

(Goosen 1996d: 5)

Met Goosen se berekende protes teen gemanipuleerde groentesoorte in die voormelde twee rubrieke, oorstyg sy dus ’n bloot instrumentalistiese benadering waar plante uitsluitlik vir menslike gebruik oorweeg word sonder om die estetiese of intrinsieke waarde daarvan ook te ag. Sy beskou sodanige manipulasie as tekenend van “kapitalistiese gewin” en verkies ’n meer lokale, organiese benadering (Goosen 1996d: 5). De Jong verwys in hierdie opsig na Goosen se bewondering vir *Walden, or Life in the Woods* (1854) deur Henry David Thoreau, waarin ’n soortgelyke fokus op die eenvoudige, selfvoorsienende leefwyse val (Lemmer 2016d).

Die *Vryspraak*-rubriek van 23 Augustus 1996, “SABC laat plante se blare hang” (Goosen 1996e: 6) is besonder relevant vir ’n bespreking waar persepsies oor die ontologiese status van plante te berde gebring word: naamlik wat plante *is*, en nie bloot net wat hulle *beteken* nie (vergeelyk Marder 2013). Goosen open haar betoog met die opmerking dat daar al baie oor “honde en katte en dié se aanvoeling” geskryf is (en sy skaar haar vervolgens in die rubriek volledig by diegene wat aan “diere se sieligheid” glo). Die res van die rubriek word daaraan gewy om ’n soortgelyke “sieligheid” by plante te identifiseer.

Goosen voer aan dat daar diegene is wat oortuig is dat plante ook ’n “geheime lewe” het (en hier is onmiskenbare resonansies van Tompkins en Bird). Sy verwys na ’n stelling van Eugène Marais wat lui dat elke mens ’n “haatplant” het; dat sekere mense, ongeag hoe hulle ’n plant vertroetel, maar net geen sukses met die verbouing daarvan het nie: “Praat, soebat en skel help eenvoudig net nie” (Goosen 1996: 6).

Sy noem alpeviooltjies as voorbeeld van ’n plant waarmee sy self geen slag het nie en vertel van die talle mites en bygelowe rondom dié plant. Sommige glo na bewering dat hulle slegs floreer in ’n huis waarin daar huisgodsdienst gehou word; ander meen weer dat hulle nie hou van ’n huis waarin daar honde, ’n televisiestel, lugversorging, enige trekke of regstreekse lig teenwoordig is nie (geriffelde vensters is skynbaar ideaal). Sy vertel van “die vrou by die kwekery” wat huisplante se aversie vir lawaai uitwys: “Hulle raak vreeslik droefgeestig en laat hulle koppe hang.” Volgens dié vrou help dit “om vir hulle mooi gedigte met mooi woorde” te lees en hulle gereeld te komplimenteer. Na hierdie aanvanklike uitgebreide anekdotiese uiteensetting, roep Goosen die volgende gesprek met die plantkweker, Keith Kirsten in herinnering:

Die bekende plantkundige, Keith Kirsten, het in daardie jare vir my gesê plante het lewende selle wat vibreer en reageer wanneer hulle met mense in aanraking kom. Hulle is wel ’n laer vorm van lewe, maar hulle het gevoel en is deel van ons omgewing. Uit ervaring het hy geleer dat plante baie beter in groepe groei. As hulle alleen is, word hulle gou ongelukkig. ’n Ander waarneming is dat plante sigaretrook haat.

(Goosen 1996e: 6)

Sonder om ’n spesifieke bron aan te toon, verwys sy na ’n eksperiment van die Londense ingenieur, ene Jeremy Lord, wat ’n apparaat ontwikkel het waarmee elektriese ladings in plante in musiek omskep word. Sy beskryf die eksperiment waar die plant aan ’n “soort bio-omsitter” gekoppel word en die lading deur ’n elektroniese sintetiseerder in klanke omskep word: “Die klanke wissel volgens die weer en die teenwoordigheid van ander plante, mense en diere, en dit dui die plant se *stemming* aan.” (1996e: 6; my beklemtoning). In die proses het Lord volgens Goosen vasgestel dat “malvas sing, ’n wilgerboom ‘mal’ word as mense onder sy takke deurloop, dat wingerdblare opgewonde raak wanneer daar mense naby is en dat rose fyn tjankgeluidjies maak as mens hulle aanraak.” Hierdie eksperiment herinner trouens aan die bekende soortgelyke (en wetenskaplik-gediskrediteerde) Backster-eksperiment oor buitewereldlike waarneming in *Die geheime lewe van plante* waar die poligrafis Backster sy kantoorplante aan ’n leuenverklikkingstoestel gekoppel het (1976: 9-16).

Goosen beskryf wyle professor Anna Neethling-Pohl in die rubriek as iemand wat “graag met haar plante gepraat het en goeie resultate behaal het” met varkblomme wat sy geprys, maar ook betig het. Neethling-Pohl het na bewering soms Dr Jan Schutte van die SAUK se hulp ingeroep wanneer die plante verlep lyk: “Hy raas dan glo met hulle. Die plante bewe dan so bietjie maar hulle het na hom geluister, en dan, het prof Pohl gesê, kan jy sommer sien hoe hulle weer regop kom met die blare omhoog.” (Goosen 1996e: 6) Goosen verwys in die rubriek na baanbrekerswerk van “die vader van die sistematiese plantkunde Carl von Linné” (Linnaeus) asook die insigte van

Johann Wolfgang von Goethe, wat “die voorloper van Darwin se leer van plantmetamorfose” was. Sy verwys na Linnaeus en Darwin as “wetenskaplikes wat die tyd ver vooruit was” en beveel aan dat diegene wie se plante wegwyn, hierdie kenners en “groot geeste” se raad opsoek (Goosen 1996e: 6).

Die rubriek word afgesluit met haar eiesoortige en polemiese sosiale kommentaar op die publieke uitsaaier (die “SABC”) se hantering van Afrikaans deur aan te haak by die voorafgaande betoog oor plante se gevoelsvermoë (die sogenaamde “plant sentience” waaroor daar hierbo berig is). Sy skryf spottenderwys dat haar eie huisplante se verwelking toegeskryf kan word aan die swak gehalte van die SABC se aanbiedings, en veral “die afwesigheid van hulle huistaal” (menende dan Afrikaans).

Goosen struktureer dus haar rubriek aan die hand van verskillende kulturele en wetenskaplike persepsies oor plant-“sieligheid”. In hierdie verband sluit sy aan by openbare debatte oor die agentskap van plante, waar sy sekere uitsprake (soos dié van Kirsten, Goethe, Linnaeus en Darwin) aantoon as “wetenskaplik”, en ander (soos “die vrou by die kwekery”) as bloot “anekdoties”. Sy erken dat die uitsprake van die sogenaamde plantkenners en -liefhebbers waaroor sy by name in haar rubrieke berig, nie noodwendig altyd wetenskaplike geldigheid geniet nie, maar hou die moontlikheid van sodanige toekomstige wetenskaplike verifiëring oop: “Of ’n mens nou skepties is of nie, daar moet iets in steek” (Goosen 1996e: 6). Goosen ontsnap egter in haar rubriek nie, soos elkeen wat poog om plantsubjektiviteit talig te beskryf, aan die kruis van antropomorfisme nie.

Op dieselfde wyse waarop die aartappel, pampoer en ui as unieke spesies in haar kosrubrieke bespreek word, besing Goosen ook die lof van tamaties in die rubriek “Sit nader om die potjie: Kry ’n tamatie vir die paartie” (Goosen 1996f: 7). In hierdie kosrubriek verwys sy ter aanvang na die film *Fried Green Tomatoes* en verskaf die tradisionele Amerikaanse resep. Sy bieg dat die resep haar belangstelling gaande gemaak het in tamaties: “min dinge kan ’n mens so lirieke stem soos ’n lekker tamatie, styf en wat nog effe na plant proe. Ja, ’n kombuis sonder ’n tamatie is soos ’n huis sonder ’n moeder” (Goosen 1996f: 7). Haar soeke na meer inligting oor die spesie lewer die volgende “feite” op: ’n middelslag tamatie lewer per dag 47 persent vitamien C en 33 persent vitamien A; dit bevat slegs 12 kalorieë; dis aanvanklik as sierplant gebruik in Europa omdat dit as giftig beskou is; is veredel om groter vrugte te dra; kom uit Suid-Amerika en is reeds in “pre-historiese tye” deur Meksikane in hulle disse gebruik.

Die liefde vir tamaties strek dus, soos by haar lofsange aan ander groentesoorte, verder as nêr die blote verbruik daarvan en die rubriekskrywer opper ten minste ook die historiese en kulturele verbintenis tussen mense en plante. Sy erken ten slotte die (destyds nuwe) Suid-Afrikaanse tuintydskrif *Gardening* as haar bron vir die inligting oor tamaties: “Met *Gardening* in die hand, kom ’n mens deur die ganse land!” In die *Tuinpret*-rubriek “Word ’n

beter tuinier met dié boek” (Bosch 1997f: 6) moedig sy lesers weer aan om die tydskrif *South African Gardening* te lees.

Soos hierbo gesien, beveel Jeanne Goosen/Ivy Bosch deurlopend relevante publikasies oor plante en tuinbou vir haar lesers aan. Sy is veral geraak deur *Die geheime lewe van plante* (die Afrikaanse vertaling van *The Secret Life of Plants* deur Tompkins en Bird) en wy haar hele *Tuinpret*-rubriek, “Psst! Het jy geweet ...?” (Bosch 1997a: 6) aan dié teks, wat sy as “van die interessantste, boeiendste en insiggewende leesstof ooit” bestempel. Sy bevestig aan Lemmer (2016b) dat hierdie publikasie, waarvan sy die Afrikaanse weergawe gelees het, haar eie opvatting oor die planteryk wesenlik beïnvloed het.

Die openingsparagraaf van dié betrokke tuinrubriek is 'n direkte aanhaling uit die gemelde vertaling: “Naas Aphrodite is daar niks mooier op hierdie planeet as 'n blom en niks noodsaakliker as 'n plant nie” (Bosch 1997a: 6; Tompkins & Bird 1976: 1). Goosen/Ivy Bosch beveel dié publikasie sterk aan by haar lesers en verskaf vervolgens voorbeelde van die belangrikste bevindings aan die hand van talle direkte aanhalings uit *Die geheime lewe van plante*. Sy verwys onder meer na weerleggings van die tradisionele Westerse opvatting dat plante sintuigloos is asook die outeurs se uitspraak dat plante in staat is tot opset en kan “reageer op dit wat in hulle omgewing is op 'n vlak van *intelligensie* bo die mens” (my kursivering). Sy verwys na bevindings dat plante nie bewegingloos is soos aanvanklik gemeen is nie, omdat klimplante skynbaar altyd na die naaste paal groei, en dat die vraag gevra kan word of die plant die paal kan “sien” of “die een of ander *aanvoeling* daarvoor het”. Met proefnemings waar plante tussen mure geplant word waar hulle selfs geen paal sou kon “sien” nie, groei hulle “onfeilbaar in die rigting van die naaste potensiële stut en vermy die plekke waar nie stutte is nie” (Bosch 1997a: 6).

Sy noem die Tompkins en Bird-publikasie “'n verstommende boek” en verwys na die aansprake van “gesaghebbende plantkundiges en bioloë” wat getuig oor die besondere verhouding tussen plant en tuinier: “As 'n plant eers op een mens ingestel is, behou hy hierdie band, waar ‘sy’ mens nou ook al is, selfs tussen duisende ander” (Bosch 1997a: 6). Goosen aanvaar die “proefnemings en eksperimente” wat sodanige stellings staaf: “Dit blyk dat mense wat beweer dat hulle plante op gesprekke met hulle reageer glad nie so vergesog is nie. *Die geheime lewe van plante* is 'n moet vir elke tuinier, plantliefhebber en leek” (Bosch 1997a: 6). In die rubriek gee Goosen/Bosch egter geen spesifieke blyke van die polemieke wat op die publikasie van die teks gevolg het nie en sy handhaaf oorwegend die antropomorfistiese paradigma waarbinne Tompkins en Bird na plante verwys.

Om 'n blote herhaling van die inhoud van hierdie talle tuinrubrieke te vermy, verskyn daar in die bibliografie 'n indeks van al die *Tuinpret*-rubrieke (vanaf 25 Julie 1997 tot 14 Augustus 1999). Die rubriektitels is selfverklarend in die sin dat dit die tuinbou-onderwerp vir die betrokke week uitspel. Hilda Grobler, die redakteur van *Vrydag*, skryf die rede vir die enkele vertaalde (Engelse) rubrieke vanaf 13 November 1998 tot 29 Januarie 1999 toe aan

veranderende taalvereistes vir publikasies waarin regskenninggewings (wat destyds die hoofstroominkomste van *Vrydag* was) destyds moes verskyn (Lemmer 2016c).

Die rubrieke herinner nogal aan 'n tipiese troostanterubriek waarin 'n wyse “Tant Ivy” (en soms “Ant Ivy”) in dieselfde taalregister as talle van Goosen se romankarakters raad aan lesers met tuinprobleme verskaf: “Maar Tant Ivy wil by 'n ander storie uitkom. Kyk, dit is maklik om tamaties te plant, maar ...” (Goosen 1997k: 15). Frases wat van gemoedelikheid getuig – soos “Pragtig, man”, “Nou maar goed, is jy met my?” en “Daarsy, ons praat weer” – kom meermale voor (Bosch 1998v: A5). Dieselfde sosiolek is ook aantoonbaar by Goosen se *Sit nader om die potjie-* en *Vryspraak-*rubrieke.

Ant Ivy deel op gulhartige wyse haar kennis as kranige, omgewingsbewuste tuinier en spesialiseer daarin om haar lesers se tuinbegrotings te laat klop met geldbesparende wenke en tuisresepte as teenvoeter vir “gifstowwe, spuitstowwe en bemesting wat die rand ruk” (Bosch 1997c: 6). Vergelyk onder meer die volgende voorstelle: omgewingsvriendelike mengsels van water, brandspiritus en Sunlight Liquid teen luise; koffiemoer as grondbedekking; sitruskille in water as groeihormoon; bier teen slakke; eierdoppe as kalk vir pronkertjies – “Dit werk soos 'n bom” (Bosch 1997c: 6). Sy moedig lesers ook aan om hulle eie komposhope en groentetuine aan te lê, inheems te plant en water te bespaar. Lesers word deurlopend attent gemaak op nuwe produkte, verskillende variëteite en datums van tuinboukundige belang. Daar is voorts talle verwysings na nispublikasies soos onder meer *SA Gardening* (1997f: 6) en Floris Barnhoorn se *Sukses met blombolle* (Bosch 1997g: 18) en lesers word aangemoedig om hulle eie naslaanwerk te doen.

Die ooglopende liefde vir tuinmaak en erkenning vir die terapeutiese waarde daarvan blyk uit aanhalings soos die volgende: “Vorentoe gaan jy jou tuin nodig kry. Om in te ontspan, te rus, beskut en veilig te voel. Belê daarin. [...] Skep jou eie paradys, plant, staan terug, glimlag en sê: ‘Wyk wêreld, wyk Satan!’” (Bosch 1998: A14). Bosch se waardering en respek vir plante as lewende subjekte met estetiese waarde is in bykans elke rubriek teenwoordig:

Elke plant, en dit maak nie saak hoe beskeie en onopsigtelik dit is nie, is die mooiste plant. En as jy daardie *stukkie lewe* versorg, is die beloning groot. Stap in die veld rond en hier onder jou neus groei daar dalk 'n plantjie met soveel *geheimnisse* en moontlike genesende krag dat dit verbyster.

(Bosch 1998g: 3; my beklemtoning)

Bosch voer by herhaling aan dat plante “soos mense” is en Goosen/Bosch se fassinatie met plantagentskap resoneer dan ook in hierdie tuinrubrieke. So beveel Ant Ivy aan dat jy “jou oor teen die grond moet druk en luister”, want “die planteryk praat” (Bosch 1998q: A14). Die idee van pratende plante word in die *Tuinpret-*rubrieke bestendig deur verwysings na plante wat die tuinier met 'n joviale “Jis, jis!” groet (dieselfde aanspreekvorm wat ook in die kortverhaal hieronder aangewend word). Die bostaande *Vrydag-*rubrieke kan

dus as sleutels of selfs voorstudies bestempel word vir ’n moontlike interpretasie van die onderstaande Goosen-kortverhaal.

***Plante kan praat* (2010): “Plante kan praat”**

In haar resensie van die kortverhaalbundel *Plante kan praat*, wys Loubser (2011: 217) daarop dat Goosen se werk “die wêreld van die tenagekomdes en uitgeworpenes” weergee. Met inagneming van die argumente hierbo, naamlik dat plante as biologiese proletariaat tot die periferie van die Westerse intellektuele tradisie uitgerangeer is, is die beklemtoning van die vegetale in hierdie teks sprekend van Goosen se heterargiese ingesteldheid jeens alle gemarginaliseerdes in die samelewing, insluitende plante. Kemp (2010) maak tereg melding van “geheime wêreld binne ons werklikheid waarvan ons soms salig onbewus is”. Die veelseggende keuse van *Plante kan praat* as bundel- én kortverhaaltitel dui daarop dat die potensiële agentskap van plante hier *littêr* beslag gaan kry.

Die genremerker *kortverhale* verskyn eksplisiet in hakies op die voorplat en skep ter aanvang ook sekere genreverwagtinge. Die omslagontwerp vertoon gelyktydig verskillende stadia van die plant se ontwikkeling (naamlik blare, bloeisels én vrugte) en daarmee word (eers Goethe, en daarna Darwin) se insigte oor plantmetamorfose artistiek gesuggereer. Die uitgewersinligting op die agterblad kom daarop neer dat “plante – nes woorde en musiek – uiteindelik al balsem word vir ons bestaan”. Die bundel bevat ’n drietal kortverhale waarin plante pertinent in die titels vermeld word: “Malva”, “Lemoene” en “Plante kan praat”, terwyl “Lubbert Das” (wat in intertekstuele gesprek tree met vroeëre verhale soos “Die hertogin se kat” in *’n Gelyke kans*) talle verwysings na tuine en tuiniers bevat. Slegs die kortverhaal “Plante kan praat” (2010: 106-108) sal in die oorsigtelike bespreking hieronder betrek word.

Kemp (2010) verwys na die pratende plante (en diere en klippe) in die kortverhaalbundel, terwyl Cochrane (in Swanepoel & Cochrane 2016: 808) ook spesiale melding maak van die “spraakvermoë” en “vermensliking” van plante. Die vermoë om te kan praat word tradisioneel gesien as dié kwaliteit wat die mens van ander lewensvorme onderskei, maar binne die magiese konteks van die verhaal word menslike taalvermoë nou ook uitgebrei na die planteryk. Daar word dus ’n stem gegee aan plante en in die proses word konvensionele houdings oor vegetale lewe gevolglik uitgedaag, maar dan binne die meer “aanvaarbare” literêre parameters van ’n magies-realistiese tekswêreld. Die vertel van stories word trouens deur Hall uitgesonder as ’n effektiewe hulpmiddel waarmee die idee van plantpersoonlikheid bevorder kan word:

Animist traditions show that plant “voices” can be transmitted through narratives in which the other-than-human persons are featured. Situated stories, songs and poems can be powerful aids to the recognition of autonomy and personhood in the plant kingdom.

(Hall 2011: 162)

Die narratiewe kern van die teks is die gespreksituasie tussen Johanna van Huyssteen en haar tuinplante. Die aronskelk, wildevyboom, suurlemoene, spinasie en clivia word elkeen met agentskap en plantpersoonskap (“plant personhood” aldus Hall) beklee: die aronskelk groet haar in Parow-Afrikaans met ’n “Jis, jis!” en steek tong uit, die bome en blare dans, “rumba diékant toe en hulle rumba dáárdie kant toe”, die suurlemoen “drup trane” en die spinasie “sug” (Goosen 2010: 107).

Die direkte dialoogvorm in die teks beklemtoon die *gesprek* tussen mens en plant; ’n idee wat Hall voorstaan wanneer hy na die noodsaak van ’n veelstemmige gesprek met die Ander verwys: “engaging in an active dialogue with plants, in which their voices come first” (Hall 2011: 15). Die plante verwoord hulle bestaanskrisis en kla by Johanna oor die “aardlinge” se vernietigende uitwerking op die omgewing deur skadelike “gifstrooiery” (Goosen 2010: 107), wat veroorsaak dat hulle “ander maters” soos die skoelappers, die sprinkane, die krieke en die verkleurmannetjies uitsterf. Die spinasie vra hulp teen die slakke, die suurlemoene pleit om ammoniumsulfaat en rig ’n emosionele appèl: “Waar is jou hart?” (Goosen 2010: 107).

In ’n simboliese gebaar waarin sy afstand doen van ’n gewaande menslike superioriteit, sak sy op haar knieë neer om sodoende op heterargiese vlak met die plante te kan kommunikeer. Sy maak ’n belofte aan hulle dat sy sal “*sorg*, sowaar soos daar één Here is” (Goosen 2010: 107; my beklemtoning). Dat daar wel ’n sinvolle en empatieke verhouding tussen Johanna en haar plante bestaan, blyk verder uit die feit dat hulle haar (soos persone) groet, by haar pleit en kla, maar ook dat sy vir hulle kan lag en haar selfs vir hulle kan vererg (soos vir ander persone). Hall se nosie van plantpersoonskap word dus hier, binne ’n magies-realistiese konteks, literêr vergestalt.

Hierdie uitsonderlike ondervinding in haar tuin verskaf aan Johanna van Huyssteen die prikkel om ’n gedig daaroor te probeer skryf. Sy pen aanvanklik slegs die volgende reël neer: *Plante kan praat*, wat tipografies in skuinsdruk uitstaan. Vir ’n tweede keer herhaal sy hierdie reël, *Plante kan praat*, maar gooi die papier waarop dié enkele sin nou alreeds twee keer verskyn, weg. Vir ’n derde keer skryf sy dieselfde versreël (*Plante kan praat*) op ’n nuwe bladsy neer, en beskou dié reël (en by implikasie die meegaande konsep van moontlike plantagentskap) as só poëties dat dié alleenstaande sin op sigself ’n volwaardige gedig kan vorm: “Sy staan terug. ‘Plante kan praat’, sê sy hardop. ‘Dis genoeg. Net dit. En eintlik is dit ’n fókken goeie gedig!’ roep sy triomfantelik uit” (Goosen 2010: 108).

Die feit dat die protagonis “bewe” ná die episode in die tuin, die herhaaldelike verwysings na haar medikasie en na “dáárdie plek” (met die los

jurke en Gideonsbybels) waarheen sy nooit wil terugkeer nie, suggereer dat sy vroeër in ’n psigiatriese inrigting opgeneem was. Hierdie verhaalgegewe betrek op vernuftige wyse die populêre persepsie of geloof dat iemand geestesongesteld of bloot mal moet wees om met plante in gesprek te kan tree; dat die idee van ’n “pratende” plant (waarmee die omvang van plantagentskap dikwels spottenderwys deur skeptici tot spraak gereduseer word) só absurd is dat slegs mense wat nie reg wys is nie, vatbaar sou wees daarvoor. Die teks word dus in hierdie opsig ’n besinning oor die verskillende (botsende) persepsies wat daar oor die wesensaard van plante bestaan.

Die alwetende vertelinstantie bemiddel hier die vertelling vanuit die plante se perspektief. Cochrane (in Swanepoel & Cochrane 2016: 805-806) voer in sy bespreking van *n Pawpaw vir my darling* (2002) aan dat die “ongewone vertelperspektief” by Goosen dikwels daartoe lei dat “nuwe moontlikhede” op hierdie wyse ondersoek kan word: in hierdie geval dan die nuwe moontlikheid dat daar, benewens die menslike, ook ánder intelligente (verwante) lewensvorme kan bestaan. ’n Vegetale perspektief is volgens Pollan (2002) en Marder (2013) juis van kritieke belang om ’n bewussyn te probeer skep vir plantsubjektiviteit. Met hierdie vertelling en ongewone vertelperspektief dra Goosen se kortverhaal dus (in navolging van Hall se oortuiging oor die invloedryke rol van fiksie) by tot die kweek van ’n kultuur waarin plante met meer respek benader word.

Gevolgtrekking

Die vegetale wending in die geesteswetenskappe asook die eksponensiële groei in navorsing oor die status van plante gedurende die afgelope dekade, het die impuls verskaf om die skryfwerk van Goosen – ’n erkende plant-liefhebber (“phytophile”) – ekokrities te heroorweeg binne die spesifieke kontoere van kritiese plantstudie, ’n opkomende transdissiplinêre studieveld.

Die idee dat persepsies oor plante kulturele konstruksies is (Mancuso & Viola 2013: 155), is aangetoon met behulp van bronne wat die redes vir die historiese marginalisering van plante in die Westerse intellektuele tradisie ondersoek. Die bydraende invloed van populêre, niewetenskaplike anker-tekste soos Tompkins en Bird se *The Secret Life of Plants* (1973), asook Pollan se *The Botany of Desire: A Plant’s Eye View of the World* (2002) is geïdentifiseer as sleutelmomente wat ’n rol gespeel het in die wegkalwing van geïdentifiseerde kulturele vooroordele rakende plantontologie. Die invloed van *Die geheime lewe van plante* (Tompkins & Bird 1976) op Goosen se plantpoëtika is by herhaling uitgewys.

Goosen se veelsydigheid en status as grensoorskrydende skrywer word in die voorbeeldtekste hierbo nogmaals bevestig. Haar uitdagende, anti-establishment oortuigings vind bepaald ook neerslag in die *Vrydag*-rubrieke waarin sy deurlopend (in dieselfde onopgesmukke werkersklasregister van

haar romans) sosiale kommentaar verskaf – van die SABC se miskening van Afrikaans tot die treurige stand van die presidentstuin in Pretoria. Haar rubrieke word daarom deels ekologiese manifes, deels praktiese tuinwenk-mededeling en deels artistieke stelling. Die keuse van plantagentskap as kontroversiële rubriekonderwerp berus nie slegs op haar belangstelling in en kennis van die planteryk nie, maar sluit sterk aan by haar polemiese ingesteldheid as rubriekskrywer, wat uiteindelik ook na haar kortverhaal “Plante kan praat” oorspoel. Die potensiaal van fiksie om persepsies oor plante te kan verander, word aangetoon by die bespreking van dié kortverhaal.

Die insluiting van histories-periferale kategorieë soos plante en diere in haar tekste (beide fiksie en niefiksie) dui by Goosen dikwels op ’n misantropiese uitkyk en ekofeministiese verwerping van hierargieë, maar andersyds (en veral) op haar intellektuele nuuskierigheid om “geheime” lewens en verskillende intelligensievorme te ondersoek en sodoende in te sluit vir morele oorweging. Die moontlikheid om plante as wetenskaplik-komplekse en outonome lewensvorme met gevoelsvermoë en intelligensie te sien – om as ’t ware persoonstatus aan hulle toe te ken – sluit nie net aan by Tompkins & Bird se destydse idees oor die kwessie nie, maar word bevestig deur nuwe wetenskaplike navorsing wat sedert die publikasiedatum van die rubrieke onderneem is (Hall 2011; Chamovitz 2012; Goodall 2014; Mabey 2014).

Matthew Hall se model van biosferiese integriteit wat berus op insluiting, respek en sorg, asook sy konsep van plante as niemenslike persone (“other-than-human persons”) is gebruik om ’n nuwe terminologie te ontwikkel waarmee sekere aspekte van Goosen se ingesteldheid jeens plante beskryf kan word. Uit die eksemplariese tekste is dit duidelik dat Goosen/Bosch se herhaaldelike gebruik van woorde en frases soos “magic”, “troetel”, “sorg”, “respekteer en liefkry” op ’n ewe sorgsame en respekvolle verhouding met plante as verwante lewensvorme dui. Vergelyk ook haar opmerking aan Lemmer (2016b) dat daar vir haar ’n “heiligheid” in verband met plante bestaan. Die verhoudingsaspek tussen mens/tuinier en plant word verder in die voorbeeldtekste beklemtoon deur frases en stellings soos “om te vertrou”, “om op sigwaarde te neem”, “om in gesprek te tree”, “om te luister”, “om te respekteer en lief te hê”; om jou “daarsonder nie ’n lewe te kan voorstel nie”; om te “sorg”. Woorde soos “aanvoeling”, “sieligheid” en “intelligensie” met verwysing na plante registreer voorts haar belangstelling in die ontvouende diskoers oor plantsubjektiviteit.

Goosen se plantpoëtika berus dus enersyds op haar biofiliese verwondering aan die natuurlike wêreld, maar andersyds ook op haar uitgebreide botaniese kennis – hiervan spreek die wye spektrum van tuinboukundige onderwerpe wat in haar rubrieke bestryk word. Die bovermelde rubrieke registreer haar vertroutheid met wetenskaplike én niewetenskaplike insette oor die onderwerp, soos onder meer dié van Linnaeus, Goethe, Darwin, Kirsten, Barnhoorn, Pienaar, tuintydskrifte soos *SA Gardening*, Tompkins en Bird, Eugène Marais en “die vrou by die kwekery”. Dis hieruit duidelik dat daar

rondom Goosen se skrywerskap ’n tekstuele netwerk ontstaan waarin verskeie stemme wat met plantkennis en -gelowe verband hou, duidelik resoneer.

Dikwels berus haar vegetale sintuig egter op haar eie praktiese ondervinding as tuinier en boer wat deurgaans ekologies-verantwoordbare praktyke voorstaan. Haar voorkeur vir ongemanipuleerde en vars groente, ’n eenvoudige Waldeniaanse leefwyse ná aan die natuur, waardering vir die estetika van plante en erkenning van die helende aspekte van tuinmaak spreek byvoorbeeld van ’n anti-instrumentalistiese verhouding met die planteryk. Uit die bostaande besprekings van die gekose Goosen-tekste, en met inagneming van die eietydse globale diskoers oor plante, ontstaan daar dus gaandeweg ’n beeld van Jeanne Goosen as visioenêre skrywer wat haar tyd ver vooruit is.

6 Verwysings

- Arnold, M.
1999 Forum on Literatures of the Environment. *PMLA* 114.5, Oktober: 1089-1090.
- Bosch, Ivy
1997a *Tuinpret*: Pst! Het jy geweet ...? *Vrydag*, 25 Julie, p. 6.
1997b *Tuinpret*: As plante dors is. *Vrydag*, 1 Augustus, p. 6.
1997c *Tuinpret*: Meng tuis teen die luis. *Vrydag*, 8 Augustus, p. 6.
1997d *Tuinpret*: Plant Chinees. *Vrydag*, 22 Augustus, p. 6.
1997e *Tuinpret*: Clivias is ’n lus vir die oog. *Vrydag*, 29 Augustus, p. 6.
1997f *Tuinpret*: Word ’n beter tuinier met dié boek, *Vrydag*, 5 September, p. 6.
1997g *Tuinpret*: Programmeer jou bol. *Vrydag*, 12 September, p. 18.
1997h *Tuinpret*: Kweek jou eie blaarslaai. *Vrydag*, 19 September, p. 18.
1997i *Tuinpret*: Spaarwater is die wagwoord. *Vrydag*, 26 September, p. 5.
1997j *Tuinpret*: Pasop vir hierdie drie! *Vrydag*, 3 Oktober, p. 19.
1997k *Tuinpret*: Tamaties haat rook. *Vrydag*, 31 Oktober, p. 15.
1997l *Tuinpret*: Dra water, plant laventel. *Vrydag*, 7 November, p. 15.
1997m *Tuinpret*: Plein raad teen die peste. 14 November, *Vrydag*, p. 15.
1997n *Tuinpret*: Maak pragtig tuin in houers: piepklein, maar getrein. 21 November, *Vrydag*, p. 19.
1997o *Tuinpret*: Laat die lente deur jou huis dwaal. *Vrydag*, 28 November, p. 14.
1997p *Tuinpret*: Werk vas daai soom: randakker-manewales. *Vrydag*, 5 Desember, p. 11.
1997q *Tuinpret*: Knap kitsgids vir platsak tuiniers. *Vrydag*, 12 Desember, p. 11.
1997r *Tuinpret*: Raad vir peste en pestelensies (sic). *Vrydag*, 26 Desember, p. 7.
1998a *Tuinpret*: Spog met pronkmalvas. *Vrydag*, 16 Januarie, p. 5.
1998b *Tuinpret*: Pot ’n bougainvillea! *Vrydag*, 23 Januarie, p. 15.
1998c *Tuinpret*: Saai nou vir die winter. *Vrydag*, 30 Januarie, p. 15.
1998d *Tuinpret*: Floksies bo-aan die lys. *Vrydag*, 6 Februarie, p. 15.

- 1998e *Tuinpret: Hand in die hare met swamme. Vrydag, 20 Februarie, p. 14.*
- 1998f *Tuinpret: Skaf vir jou 'n palm aan. Vrydag, 6 Maart, p. 3.*
- 1998g *Tuinpret: Elke plant is die mooiste. Vrydag, 3 April, p. 3.*
- 1998h *Tuinpret: Dit is nou die tyd vir bolle en steggies. Vrydag, 10 April, p. A7.*
- 1998i *Tuinpret: Dis tyd vir bolle en tyd vir pryse: slaan 'n slag uit die grond. Vrydag, 17 April, p. 15A.*
- 1998j *Tuinpret: Kom ons praat potplante. Vrydag, 24 April, p. A14.*
- 1998k *Tuinpret: Kry 'n takkie laventel, ou haan! Vrydag, 15 Mei, p. A14.*
- 1998l *Tuinpret: Pynappel is pragtig, nie 'n pyn nie. Vrydag, 22 Mei, p. 19A.*
- 1998m *Tuinpret: Raad vir kleiner, makliker grasperke. Vrydag, 29 Mei, p. 15A.*
- 1998n *Tuinpret: Houerblomme: gee jou huis 'n nuwe gesig. Vrydag, 12 Junie 1998, p. 15A.*
- 1998o *Tuinpret: Hokaai, kry 'n hoy! Vrydag, 19 Junie, p. A18.*
- 1998p *Tuinpret: Turksvye in die tuin. Vrydag, 26 Junie, p. 15A.*
- 1998q *Tuinpret: Nog raad oor probleemplante. Vrydag, 3 Julie, p. 15A.*
- 1998r *Tuinpret: Ontmoet vir Annie Frangipani en vriende. Vrydag, 10 Julie, p. A14.*
- 1998s *Tuinpret: Ant Ivy plant tamaties. Vrydag, 24 Julie, p. 10.*
- 1998t *Tuinpret: Maak reg vir somertuin. Vrydag, 31 Julie, p. A5.*
- 1998u *Tuinpret: Maak jou bedding gesond. Vrydag, 7 Augustus, p. A15.*
- 1998v *Tuinpret: Tuinmaak sonder moeite. Vrydag, 21 Augustus, p. A5.*
- 1998w *Tuinpret: Dis lente, begin maar werk. Vrydag, 21 Augustus, p. A5.*
- 1998x *Tuinpret: Maak jou eie vloeibare plantkos. Vrydag, 11 September, p. A5.*
- 1998y *Tuinpret: Lok skoenlappers maklik nader. Vrydag, 23 Oktober, p. A6.*
- 1998z *Tuinpret: Troetel fuchia (sic) soos 'n ballerina. Vrydag, 6 November, p. A6.*
- 1998aa *Cannas Turn Your Garden Into a Canvas of Colour. Vrydag, 13 November, p. A6.*
- 1998bb *Plant a Pond this Summer. Vrydag, 20 November, p. A6.*
- 1998cc *Use Leaves to Propagate Plants. Vrydag, 27 November, p. A6.*
- 1998dd *Plant a Dramatic Ilala Palm. Vrydag, 4 Desember, p. A5.*
- 1998ee *How to Build a Rock Garden. Vrydag, 11 Desember, p. A5.*
- 1998ff *Do Not Over-Water. Vrydag, 18 Desember, p. A5.*
- 1999a *Succulents for Africa. Vrydag, 1 Januarie, p. A5.*
- 1999b *Grow Your Own Herbs. Vrydag, 8 Januarie, p. A5.*
- 1999c *Grow Your Own Herbs (cont.). Vrydag, 15 Januarie, p. A5.*
- 1999d *Roses Can be Grown in Containers. Vrydag, 22 Januarie, p. A5.*
- 1999e *Flowering Vigour. Vrydag, 29 Januarie, p. A5.*
- 1999f *Tuinpret: Belê in 'n pragtige hibuskus (sic). Vrydag, 5 Junie, p. A. 14.*
- 1999g *Tuinpret: Plant nou fuchsias. Vrydag, 14 Augustus, p. A5.*
- Brink, A. P.
1998 *Jeanne se Afrikaans is onbeperk. Vrydag, 10 April, pA2.*
- Chamovitz, Daniel
2012 *What a Plant Knows: A Field Guide to the Senses of Your Garden – and Beyond.* London: Oneworld Publications.

- Clark, Timothy
 2011 *The Cambridge Introduction to Literature and the Environment*. Cambridge: University Press.
- Cordle, Daniel
 1999 *Postmodern Postures: Literature, Science and the Two Cultures Debate*. Sydney: Ashgate.
- Goodall, Jane
 2014 *Seeds of Hope: Wisdom and Wonder from the World of Plants*. New York: Grand Central Publishing.
- Goosen, Jeanne
 1995 *'n Gelyke kans*. Kaapstad: Human & Rousseau.
 1996a *Vrysprak: Aardse lied besing wonder van misterie*. *Vrydag*, 1 Maart, p. 5.
 1996b *Vrysprak: Wees demokraties. Stem NEE vir tweegesig-appels*. *Vrydag*, 22 Maart, p. 6.
 1996c *Vrysprak: Ek sing van bome*. *Vrydag*, 12 April, p. 6.
 1996d *Vrysprak: Gebluste aartappels maak my wiede pap*. *Vrydag*, 19 April, p. 5.
 1996e *Vrysprak: SABC laat plante se blare hang*. *Vrydag*, 23 Augustus, p. 6.
 1996f *Sit nader om die potjie: Kry 'n tamatie vir die paartie*. *Vrydag*, 29 November, p. 7.
 1997 *Sit nader om die potjie: Raak liries oor knolletjies*. *Vrydag*, 5 September, p. 6.
 2001 *Straataf*. Pretoria: Lapa.
 2010 *Plante kan praat*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Hall, Matthew
 2011 *Plants as Persons. A Philosophical Botany*. New York: SUNY Press.
- Hansen, Joyce
 s.j. *A Genre Study on Newspaper Column Writing*. Online: <<http://www.facultyweb.cortland.edu/.../ColumnJoyce.doc>> 3 September 2016.
- Heise, Ursula
 1999 Forum on Literatures of the Environment. *PMLA* 114.5, October, pp. 1096-1097.
- Kassinger, Ruth
 2014 *A Garden of Marvels*. New York: HarperCollins.
- Kemp, Theo
 2010 *Wag was beslis die moeite werd vir Plante kan praat*. Aanlyn: <<http://www.litnet.co.za/wag-was-beslis-die-moeite-werd-vir-plante-kan-praat>>. 5 Augustus 2010.
- Laws, Bill
 2010 *Fifty Plants that Changed the Course of History*. Cape Town: Quid Publishing.
- Lemmer, Erika
 1994 Gen(r)e in die resente Afrikaanse literatuur: permutasies en matriksmoontlikhede in tekste van Goosen, Krog en Brink. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
 2016a Verskeie persoonlike gesprekke met Marlize Hobbs-Russel deur die loop van September 2016.

- 2016b Telefoniese gesprekke met Jeanne Goosen op 6 en 8 September.
 2016c Telefoniese gesprek met Hilda Grobler op 7 September.
 2016d Onderhoud met Marianne de Jong op 12 September.
- Leist, Randy
 2013 *Plants and Literature: Essays in Critical Plant Studies*. New York: Rodopi.
- Loubser, Henriette
 2011 Resensie: *Plante kan praat*. *Tydskrif vir Letterkunde* 48(1): 217-218.
- Mabey, Richard
 2014 *The Cabaret of Plants: Forty Thousand Years of Plant Life and the Human Imagination*. New York: W.W. Norton & Co.
- Mancuso, Stefano & Viola, Alessandra
 2013 *Brilliant Green: The Surprising History and Science of Plant Intelligence*. Washington: Island Press.
- Marder, Michael
 2012 If Peas can Talk, Should We Eat Them? *New York Times*, 23 April.
 2013 *Plant-Thinking: A Philosophy of Vegetal Life*. NY: Columbia University Press.
- Nealon, Jeffrey
 2016 *Plant Theory: Biopower and Vegetable Life*. Stanford University Press.
- Pollan, Michael
 2002 *The Botany of Desire: A Plant's Eye View of the World*. New York: Random House.
 2013 The Intelligent Plant. *The New Yorker*, Desember 23 & 30. Online: <<http://www.newyorker.com/magazine/2013/12/23/the-intelligent-plant>> 13 November 2016.
- Roodt, P.H.
 2002 'n Bundel vol verrassings. *Beeld*, 22 April, p. 13.
- Steinmair, Deborah
 2004 Jeanne Goosen: "ek lag my gat af". Aanlyn: <<http://www.oulitnet.co.za/heupvuur/jeannegoosen.asp>> 5 Augustus 2016.
- Swanepoel, Eduan & Cochrane, Neil
 2016 Jeanne Goosen (1940-). In: Van Coller, H.P. (red.) Tweede uitgawe, Deel 1. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: Van Schaik, pp. 793-813.
- Terblanche, Erika
 2013 Jeanne Goosen (1938-) ATKV-Skrywersalbum. Aanlyn: <<http://www.litnet.co.za/Article/jeanne-goosen-1938>> 26 Julie 2016.
- The Tempo Hots up as Editor Quits to Launch New Newspaper.
 1995 *Sunday Tribune*, 23 July, p. 18.
- Tompkins, Peter & Bird, Christopher
 2002(1973) *The Secret Life of Plants: A Fascinating Account of the Physical, Emotional, and Spiritual Relations Between Plants and Man*. New York: Avon.
 1976 *Die geheime lewe van plante: verstommende ontdekkings oor plante en die mens*. Kaapstad: Tafelberg.

“OM 'n TAMATIE TE KAN VERTROU”: PLANTPOLITIEK IN JEANNE GOOSEN SE ...

Van Coller, H.P. (red.)

2016 Tweede uitgawe, Deel 1. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: Van Schaik.

Wandersee, J.H. & Schussler, E.E.

1999 Preventing Plant Blindness. *The American Biology Teacher*: pp. 84-86.

2001 Toward a Theory of Plant Blindness. *Plant Science Bulletin* 47: 2-9.

Warren, Karen

1997 *Ecofeminism: Women, Culture, Nature*. Bloomington: Indiana University Press.

Erika Lemmer

UNISA

lemmee@unisa.ac.za